'n Droë jaar

Ons staan die more voor die hotel en sug teen mekaar soos die profeet van Jeremia oor die vakansiesiesoen wat weer 'n droë jaar gaan wees. Voorjare se tyd kon jy tussen Geloftefees en Nuwejaar hier by ons nie hoedespeld op die strand geplant kry nie – een blok mens van bo by die riviermond af tot onderkant by die jetty. Maar nou kom die mense mos nie meer vakansie hou by ons nie – hulle loop soek strandoorde met môlle, want dit wil mos van die more tot die aand net winkels loop en kyk en koop, koop, koop… Hier rond kom ons mos maar aljaar reg met Pep Stores en Seven Eleven wat oop is van 8 tot 6 of altemit net tot 5 as die vis loop, want dan trek ou Stagianos die winkel se deur toe en stoot die skuit uit. En dan is daar mos nou darem ook ant Myra se skulpieswinkel as jy altemit skielik nog 'n Krismisboks van node kry. Is mos maar so, as 'n mens die dag hier kom aftree dan kry jy rondom Krismis familie by waarvan jy nie eers geweet het nie.

Deur die jaar is dit maar stillerig. Dis mos net die klomp ou onderwysers wat hier kom sit en rolbal speel en kla oor die dissipline in die skool en die swak spesjoen. En die klomp boere wat nie in die binneland wil sit en sien hoe die erfgename die plase deurbring nie. Soos oom Apie. Einde van die jaar pak hy en ta'Lettie daardie geel Mercedes en dan gaan pas hulle plaas op, want Klei'abrie en die vrou ry om vakansie te gaan hou by 'n plek met 'n môl. En dan gaan boer oom Apie op die ou manier sodat dit vir Klei'abrie tot na Paasfees vat om weer die plaas reg te kry. Gewoonlik huur hulle die oom die huis uit en dan hoor ons weer tot volgende jaar se vakansie wat die huurders als in die huis aangevang het. Wil my mos lyk of oom Apie se lewe van sukkel aanmekaar gesit is… en ta'Lettie is 'n groot deel van sy sukkelgang. Dis nou bedoel om "groot" in iedere sin van die word te wees.

"En dan word dit moes nou gebak en beskuit gedroë en ingelê asof daar 'n magtige menigte moet gevoer word en ek laai bokste en blikke en dié word netso oorgepak in Klei'abrie se karavaan en dit loop sit en vreet hulle teen die see op, jaar vir jaar," karring oom Apie diékant toe aan.

Dis nou van sukkel, dag ek, as 'n mens net kan leer waar hy begin, kan jy hom vermy by sy wortel al. Maar kyk nou vir ou Jossop Klaaste. Doer bo duskant die garage slaan die stoffie uit – hy's op pad met die donkiekarretjie met 'n vrag vis wat hy van huis tot huis smous. Jàrre al. Elke dag hier in Seemeeustraat af. En elke dag loop hy sy sukkelslag raak voor ou Hennerik se huis. Maar hy leer nie. Kyk nou net.

Ou Hennerik het mos die mak witborskraai wat op die stok op die verênda sit en die hele baai met sy kraletjiesogies bekyk. Karools Beenbek noem hulle hom. En Karools Beenbek is nie 'n kraai met 'n tekort aan opposisie nie. Hang die vroumense 'n stukkie witgoed op die draad en die son vang die metaalringetjie in 'n wasgoedpennetjie, loop haal Karools Beenbek die penne-tjie af en netnou se kant dan waai jou stukkies wit onnoembaarhede al met die strand af. En van die anties hier rond se broeke moet nie gesien word nie!

Ou Jossop en Karools Beenbek sit al jare nie langs dieselle vuur nie. Ek draai die gesels dood, want ek wil eers kyk hoe dit vandag gaan met ou Jossop se reis. Die twee donkietjies slinger vaalversukkeld aan en ou Jossop sit en bekyk die wêreld onder die rand van sy laphoedjie uit asof hy die heel stuk see tot by Ingeland besit. Diep ingedagte. Tot voor ou Hennerik se huis. Toe begin die konsert weer.

"Hôôôkaai!" skree Karools Beenbek van die stoep af. Die twee donkietjies steek vas. Dit vat 'n rukkie voordat ou Jossop agterkom die donkiekar loop nie meer nie. Hy klap die sambok langs die karretjie in die stof en skree met sy skril stemmetjie waarvan die stembande al redelik gekorodeer is van die kariebier: "Ahiép!"

Die twee vaaltyne raak aan't loop.

"Hôôkaai!"

Die twee steek vas.

"Ahiép, julle se helle!"

"Hôôkaai!"

Ou Jossop vlie van die karretjie af en storm tot by die hek. "Jou se satangsverduiweling van 'n kraaloog! Jou se ouma was hoeka die klas makou wat mens moet vrekskop!" skel hy sy ou rympie.

"Ahiép" skree Karools Beenbek. Die twee donkietjies trek weg met die kar agter die ou man se rug en nou moet ou Jossop keer of hy bly agter.

"Hôôkaai" skree hy en sit die kar met die mank been agterna.

"Ahiép" skree die kraai van die stoep af.

Ou Jossop sit die donkiekarretjie agterna, want teen hierdie tyd het die twee ou donkies besluit om hulle nie langer aan opdragte te steur nie. Hulle loop nou, so hulle hou nou sommer aan met loop.

"En dis nou elke dag se storie" se oom Apie. "Lat een mens nou op dieselle plek so kan sit en aansukkel."

Hier van die bokant van die straat af is nou 'n ander gedruis op pad. Ta'Lettie.

"Aweram Bibbejee," skree sy soos sy aankom – lyk nes 'n groot vistreiler wat die hawe instoom – "Aweram Bibbejee, moes jy vir my 'n bottel melk loop koop het of nie? Nou kry ek jou alweer hier sta' gesels. Kom aan huistoe, ek het hulp nodig!" By die "kom aan"-stuk swaai sy haar arms sodat die bo-arms so flap onder die roksmou.

"Ek kom, Ma" sê oom Apie gelate.

"Nie nettou nie, nòu! Daar is nog twee skottels kleinkoekies wat uitgerol en innie oond moet kom en ek wil sononder klaarwees lat ons vroeg kan ry! Kom knie! My ellimboë wil nie meer nie! Hêjy die huis se sleutel vir die Kaapse mense by die agint afgegee?"

Oom Apie se antwoord raak weg, want die tante is alweer ent op in die pad om te gaan kyk wat sy nog kan kry vir die oom om mee besig te raak. Sy trap eintlik 'n stof uit soos sy loop.

"Hôôkaai!" skree Karools Beenbek toe sy verbykom.

"Sal jou bôggerol help ou voël," brom oom Apie. En dis waar. As sukkel koersgevat het, help hokaai niks.

"Nou maar dan sien ons mekaar in die Nuwe Jaar, kêrels," raak die oom aan die groet. "Ons hoop maar dis 'n goeie vakansieseisoen vanjaar."

Sal wees, dink ek, as hier net genoeg kampeerders kom wat die verskil tussen "Hôôkaai" en "Ahiép" verstaan kry, sal dit goed gaan. Al het ons nie 'n môl nie.

VAN DIE REDAKSIE

Nog 'n jaar is verby en ons kan weer op Uilkraal kom uitspan.

Hierdie jaar was vol aksie en die kampkomitee was baie bedrywig met onderhandelinge en aksies om ons belange te beskerm. In voorsittersverslag kan gesien word hoeveel moeite gedoen is om die owerhede by Uilkraal betrokke te kry en dit het vrugte afgewerp. Dankie aan ons Kampkomitelede wat op eie koste en in werkstyd vergaderings moes bywoon en moeite gedoen het om ons saak te stel.

Ons is trots op ons Oord en as elkeen moeite doen om dit skoon en netjies te hou sal dit vir ons nog meer vreugde gee om deel daarvan te wees.

Baie dankie ook vir almal wat 'n bydrae gelewer het om die Nuustak moontlik te maak.

Ons wens almal 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2011 toe.